# Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 9 April 2023

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
Ds. Pieter van der Walt

**Tema: Dit is die Here!**
Vandag is die grootste feesdag op die kerklike kalender: Paassondag. Ons herdenk met groot dankbaarheid die opstanding van Jesus uit die dood. Jesus het opgestaan, Hy lewe! Hy het die dood oorwin en aan ons die ewige lewe gegee!

**Vooraf sang**
Ps 150-1:1, 2

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied: Lied 422:1, 2, 3; Votum; Seën; Sing Ps 149-1:1, 2 (Eerste melodie); Belydenis van geloof: 12 Artikels; Sing Sb 12-2:5

**Verootmoedigingsdiens**
Sing Sb 9-3:1 as inleiding tot die wet; Wetlesing: Eksodus 20;Gebed.

**Woorddiens**
Sing Lied 405:1, 2, 3 as inleiding tot die Woorddiens;
Skriflesing: Johannes 20:1,2 en
Johannes 21:1-14;
Teksvers: Johannes 21:7(a);
Sing Lied 417:1, 2; Woordbediening

**Dankdiens**
Gebed; Liefdegawes by die deure; Sing Ps 146-1:1, 8; Seën; Amenlied: Sb 13-2.

**GROEPBEDIENING**
Soos gereël in groepe.

**MEELEWING**

- Hannatjie du Plessis begin Donderdag met chemoterapie en ons bid haar baie sterkte toe.
- Mariana du Plessis ondergaan DV Woensdag 12 April 'n knievervanging

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

**ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID**

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Erika Rood, Rita Schutte en Hannatjie du Plessis.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:30 Oggenderediens
Tee, koffie en sap
Geen Kleuterbediening
Geen Katkisasie
Groepbedieninge soos gereël in groepe

**Maandag**
Openbare vakansiedag

**Woensdag**
Skole heropen
Geen oggend-Bybelstudie
Geen Katkisasie
18:30 Elim-Bybelstudie

**Donderdag**
17:00 Belydenisklas-ondervraging

**Volgende Sondag**
Belydenisaflegging
Lofsangbyeenkoms

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en vir die Kerkblad. (Klein boks). Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir die GKSA: Sustentasie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 10 en 11.

## DS PIET MET VERLOF

Ds Piet en Rieëtte is tot Woensdag uitstedig. Hy het gister ‘n familietroue in die Kaap waargeneem.

## DS PIETER VAN DER WALT MET VERLOF

Ds Pieter en tannie Marthie vertrek more vir ‘n week met verlof tot volgende Maandag.

## BAIE GELUK

- Baie geluk aan Carma van Niekerk wat by die jaarlikse Afri-Indie Musiek-toekennings ‘n toekenning vir een van haar musiekvideos ontvang het.
- Marilie, dogter van Albert en Riana Schutte het verloof geraak aan Sydney Eckley. Baie geluk!

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 9 April**
Br Pieter Bredenkamp *
Sr Louisa Grobler *
Br Wouter vd Spoel*

**Maandag, 10 April**
Prof Naas Ferreira
Br Dirk Lubbe *

**Woensdag, 12 April**
Sr Nicolette Visser

**Donderdag, 13 April**
Sr Estelle Earle
Br Ig Hefer

**Saterdag, 15 April**
Sr Chanelle v As

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## OOSDOPPERFEES – Hierdie jaar 5 AUGUSTUS

Die Vleiskomitee het besluit om die Oosdopperfees se datum te skuif. Die jaar se Oosdopperfees sal DV op Saterdag 5 Augustus plaasvind. Vleiswerk sal die week vooraf geskied.



*Teken asb nou reeds hierdie verandering op jou kalender aan!*



# SUSTERS

ROM. 1:16 “EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS ‘N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO.”

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS


Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die “Zapper App” aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Nicolette Visser en groep 4, Marijke Faught en groep 12, Mariana Plotz en groep 21, Anelle Venter en groep 29, asook Mardie du Plessis en groep 30.

## SUSTERSBYDRAE



Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Daar is koevertjies vir hierdie bydraes in die voorportaal, van die kerk (in die poshokkies) beskikbaar. Die suster wat nie eenmalig kan bydra nie, het dan die geleentheid om elke maand ‘n geldjie in haar koevert weg te sit en later deur die jaar in te handig.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis ‘n bydrae vir hierdie werk gee.

## BLIKKIES-WARMHARTE



Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in ‘n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

## BELYDENISAFLEGGING: 16 APRIL

Ons gemeente is so gelukkig om op Sondag 16 April, nege jong lidmate te hê wat Belydenis van hulle geloof doen. Ons wil nou reeds vra dat elke susters op daardie Sondag 'n bordjie eetgoed saambring, sodat ons saam met hierdie jong lidmate en hul gesinne na die oggenddiens 'n koppie tee kan geniet.

## KWARTAALPROGRAM

| TWEEDE KWARTAAL | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **DATUM** | **DAG** | **TYD** | **WIE** | **WAT** |
| 16 Apr | Sondag | 09:30 | Almal | Belydenisaflegging |
| 18-Apr | Dinsdag | 18:00 | Bestuur | Sustersbestuursvergadering |
| 25-Apr | Dinsdag | 18:00 | Groepsusters | Groepsustersvergadering |
| 9 Mei | Dinsdag | 18:30 | Blok B | Sustersamekoms |
| 04-Jun | Sondag | 18:00 | Blok C | Ouderlingverversings |
| 11-Jun | Sondag | 12:00 | Blok A | Nagmaalete |

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!


**Sanet Ras Prokureurs**

**OPSTEL VAN TESTAMENTE.**

**BEREDDERING VAN BOEDELS.**

**ALLE EIENDOMSTRANSAKSIES.**

Van Riebeeckstraat 101, Potchefstroom
Tel: (018) 294-8953 k/u